


You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**NOVEMBER 2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 80**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 11 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

## VRAAG 1

**TEKS A: HUGH MASEKELA**
[Verwerk uit *Wikipedia, Maart 2018 se Sawubona, e.a.*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1 | (Op) Witbank | 1 |
| | | |
| 1.2 | ● (Sy pa was 'n) beeldhouer/(het) beelde gemaak.<br>● (Sy pa het) beeldhoukuns (beoefen).<br>● (Sy pa het) beeldhouwerk (gedoen). | 1 |
| | | |
| 1.3 | Dit was nadat Hugh hierdie film gesien het, dat hy besluit het/gemotiveer is om ook trompet speel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.4 | (Na Aartsbiskop) Trevor Huddlestone | 1 |
| | | |
| 1.5 | "Hugh het dié instrument sommer gou baas geraak."<br>*(Kandidate word nie gepenaliseer as dit nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.6.1 | een van die persone | 1 |
| | | |
| 1.6.2 | Trevor Huddlestone het vir Hugh gehelp om sy eerste trompet te kry/trompetlesse te neem/om die land te verlaat.<br>OF<br>Louis Armstrong (en ook Huddlestone) het (ook) bygedra tot sy sukses (deur) hom aan te raai om sy unieke styl te ontwikkel).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)(1.6.1 moet ook korrek wees om by 1.6.2 'n punt te verdien)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| | | |
| 1.7.1 | 1960-1964 | 1 |
| | | |
| 1.7.2 | (Baie) goeie/die beste/suksesvol(ste)/gewilde/hulle het goed geld gemaak.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.8 | ● Die raad het van hom ‘n internasionale ster gemaak/het vir hom sukses gebring.<br>●Hugh se debuutalbum was baie suksesvol.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.9 | Die toegangsgeld by sy Suid-Afrikaanse vertonings was baie min/minder as by sy oorsese vertonings.<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.10 | "baie talente"<br>*(Kandidate word nie gepenaliseer as dit nie tussen aanhalingstekens geskryf is nie.)* | 1 |
| | | |
| 1.11 | In *King KongDie een* was Hugh deel van die orkes/het hy in die orkes **gespeel**. ✓<br>Met *SarafinaDie ander* het Hugh gehelp om die musiek te **skryf**. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.12 | Alkoholisme/Hy was 'n alkoholis. | 1 |
| | | |
| 1.13 | • Hugh het sy kennis en vaardighede met jong kunstenaars gedeel.<br>• (Ander) jong kunstenaars wou/het sy voorbeeld (ge)volg.<br>• Hugh was 'n rolmodel/raadgewer/leermeester vir baie jong kunstenaars.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.14 | Ja.<br>Tydens hulle reise deur Suid-Afrika het Selema...<br>• die land leer ken soos sy pa dit geken het.<br>• die land deur sy pa se oë leer ken/gesien.<br>• gesien waar sy pa gereis/grootgeword het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.15 | Ja.<br>• Hy was 'n internasionale ster.<br>• Hy het baie aan die gemeenskap teruggegee.<br>• Hy was die vader van Suid-Afrikaanse jazz.<br>• Hy het uitgeblink op musiekgebied.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br><br>OF<br><br>Nee.<br>• Hugh is/was nie die enigste internasionale ster in Suid-Afrika nie.<br>• Daar is baie mense wat baie vir hulle gemeenskappe doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.16 | Suid-Afrikaners kan ...<br>• steeds sy musiek koop.<br>• steeds na sy musiek luister.<br>• jaarliks 'n musiekkonsert hou wat sy naam dra.<br>• beurse met sy naam beskikbaar stel vir jong musikante.<br>• gereeld artikels wat oor Hugh handel, publiseer/lees.<br>• die opkomende geslagte van Hugh vertel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.17 | • A<br>• erken<br>• A erken<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.18.1 | • D<br>• Hugh is deel van 'n baie suksesvolle musiekblyspel.<br>• D Hugh is deel van 'n baie suksesvolle musiekblyspel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.18.2 | • C<br>• Hugh se eerste album word vrygestel.<br>• C Hugh se eerste album word vrygestel.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.18.3 | • A<br>• Hugh se boek oor sy eie lewe verskyn.<br>• A Hugh se boek oor sy eie lewe verskyn.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 1.19 | Ja.<br>Kandidate moet een van die volgende aspekte aanraak:<br>Afrika staan nie terug vir die res van die ni wêreld nie.<br>OF<br>Afrika het sy eie jazz-styl.<br>• Deur sy musiek en dinge wat hy gedoen het, het hy Suid-Afrika wêreldwyd aan die mense bekendgestel.<br>• Hy het probeer om die beste van Suid-Afrika aan ander mense te wys.<br>• Hy het sy kennis en musiek oor Afrika-jazz na ander Afrikalande/die res van die wêreld geneem.<br>• Sy unieke Afrika-styl het Afrika op die kaart geplaas.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| **TEKS B: TERUG SKOOL TOE**<br>[Verwerk uit *Die Burger,* 17 Januarie 2018] |
|---|

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.20 | • Niemand is hartseer/huil omdat hulle (terug) skool toe gaan nie.<br>• Almal is bly/opgewonde dat hulle weer (terug) skool toe gaan.<br>• Dit lyk of die almal bly is om van hulle ontslae te raak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.21 | Die ma ...<br>• **spring** in die lug.<br>• hou haar **duime in die lug/**wys "sharp".<br>• het 'n **breë glimlag** op haar gesig/is gelukkig, want sy glimlag breed.<br>• **dans** van blydskap.<br>• lyk of sy **skree**.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| | | |
| 1.22 | • Die seuntjie dra 'n krieketkolf/neem aan sport deel.<br>• Daar lê speelgoed/'n bal/'n vragmotortjie buite rond/die kinders speel buite.<br>• Daar staan 'n fiets teen die muur.<br>• Die dogtertjie dra boeke onder haar arm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.23 | Die kinders se pa ...<br>• **waai** ook vrolik vir die kinders.<br>• glimlag bly as hy kyk hoe die kinders skool toe stap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 1.24 | Nee.<br>• In die spotprent kyk ons na die seuntjie se lyftaal/ gesigsuitdrukking wat daarop dui dat kinders nie van die eerste dag van die nuwe skoolkwartaal hou nie.<br>• Uit die seuntjie se woorde in die spotprent kan ons aflei dat hy half vies is omdat sy ma so bly is om hulle op die eerste dag van die nuwe kwartaal skool toe te stuur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |

| | |
|---|---|
| **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Nasien van die opsomming**

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10

- **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte

- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**LET WEL:**

- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

**VRAAG 2**

**TEKS C: GEMEENSKAPSTUINE: GROENTE VIR 'N GOEIE DOEL**
[Verwerk uit *Weg! Platteland,* Herfs 2018]

**Let wel:** Kandidate moet sewe dinge opsom om 'n gemeenskapstuin te **begin**.

| DIREKTE AANHALING | | EIE WOORDE |
|---|---|---|
| Vertel dus vir almal wat jy beplan. | 1 | Lig die gemeenskap in oor die planne vir die tuin. |
| Kies 'n komitee wat die tuin sal beplan en bestuur. | 2 | Kies 'n komitee om die tuin te beplan en te bestuur. |
| Maak 'n lys van mense in die gemeenskap wat die verskillende take kan verrig. | 3 | Maak ‘n lys van mense wat verskillende take kan verrig. |
| Daarom moet daar 'n begroting opgestel word om seker te maak dat daar geld vir die tuin is. | 4 | Stel 'n begroting op./Maak seker daar is geld om die tuin te aan die gang te hou. |
| Kry die beste stuk grond wat beskikbaar is, vir die tuin. | 5 | Soek die beste beskikbare grond vir die tuin. |
| Begin dan met die voorbereiding van die grond deur kompos mooi in die grond in te werk. | 6 | Berei die grond voor /(Werk kompos in die grond in). |
| Dit is dus baie belangrik dat die groentetuin bemark moet word. | 7 | Bemark die groentetuin./Laat die mense weet van die groentetuin. |
| | | (47 woorde) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

**VRAAG 3**

**TEKS D: ADVERTENSIE**
[Verwerk uit *rooi rose*, Augustus 2016]

Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word.

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 3.1 | • D<br>• begin met 'n algemene vraagsin.<br>• D begin met 'n algemene vraagsin.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| | | |
| 3.2 | wat | 1 |
| | | |
| 3.3 | spotgoedkoop | 1 |
| | | |
| 3.4 | verwelkom | 2 |
| | | |
| 3.5.1 | ● Daar is 'n prent van 'n hond met die ore wat uitstaan.<br>● Daar is branders/see.<br>(*Enige EEN van bogenoemde*) | 1 |
| | | |
| 3.5.2 | Daar is 'n prent van die glimlaggende mense/die hond wat (met mensetande) glimlag.<br>(*Of soortgelyk aan bogenoemde*) | 1 |
| | | |
| 3.6 | by | 1 |
| | | |
| 3.7 | rustigheid | 1 |
| | | |
| 3.8 | Die adverteerder ...<br>• sluit baie foto's/prentjies van die see en sand in.<br>• gebruik foto's/prentjies van gelukkige mense/die hond.<br>• gebruik woorde wat mense manipuleer, bv. goedkoop, rolstoelvriendelik, van oor tot oor te glimlag, see en sand,ons sal selfs jou troeteldier verwelkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | |
| 3.9 | rolstoelvriendelike | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4**

**TEKS E: STROKIESPRENT**
[Verwerk uit *Die Burger* 8 Februarie 2018]

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 4.1 | Ma**,** Hammie probeer sy bes om my te irriteer. | 1 |
| 4.2 | pla | 1 |
| 4.3 | • Die uitroepteken aan die einde van haar sin.<br>• Dit is 'n uitroepsin.<br>• Die woord "presies" word beklemtoon/die aksent/akuutaksent.<br>• presiés<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.4 | • Dit wys dat sy hard praat/skree.<br>• Dit wys hoe ernstig sy oor die saak voel.<br>• Dit wys hoe kwaad sy vir Hammie is/geïrriteerd.<br>• Sy wil haar ma se aandag trek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | Die dogtertjie vra hoe **sy** hom **kan** kry om op te hou. | 1 |
| 4.6 | • Die dogtertjie se kamer is slordig/nie aan die kant nie.<br>• Hammie sal nie daarvan hou om die kamer aan die kant te maak nie.<br>• Dan sal Hammie se kamer ook skoon kom.<br>• Dan sal Hammie haar nie langer irriteer nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.7 | • B<br>• Hou op om presies te doen wat ek doen.<br>• B Hou op om presies te doen wat ek doen.<br>*(Enige EEN)* | 1 |
| 4.8 | Gaan maak jou kamer skoon./Gaan maak jou kamer skoon!<br>Jy moet jou kamer (gaan) skoonmaak.<br>Maak jou kamer skoon!<br>(*Enige EEN*)<br>*(Aanvaar ook as die sin tussen aanhalingstekens geskryf is.)* | 1 |
| 4.9 | Nè! | 1 |
| | | **[10]** |

**VRAAG 5**

**TEKS F: LAERSKOOL BLOMVLEI – DIE TROTS VAN HANOVERPARK**
[Verwerk uit *www.news.24.com*]

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | a.g.v.<br>(*Aanvaar nie hoofletters nie*) | 1 |
| | | |
| 5.1.2 | goeie | 1 |
| | | |
| 5.1.3 | Hy **ly** aan kanker./Hy **ly** 'n moeilike lewe./Hy **ly** onder sy kwaai ma.<br>(*Enige aanvaarbare sin waar die betekenis van ly duidelik is.*) | 1 |
| | | |
| 5.1.4 | tien/Tien | 1 |
| | | |
| 5.1.5 | skoolhoof**de** | 1 |
| | | |
| 5.1.6 | swak**ste** | 1 |
| | | |
| 5.1.7 | haar | 1 |
| | | |
| 5.1.8 | **om** seker **te** maak<br>(*Aanvaar ook as kandidaat die hele sin uitskryf.*) | 1 |
| | | |
| 5.1.9 | vol-was-se-nes<br>(*Kandidate kan dit op enige duidelike manier aandui.)* | 1 |
| | | |
| 5.1.10 | Dawn sê: "Dit is noodsaaklik dat onderwysers op gehalte-onderrig fokus." | 1 |
| | | |
| 5.1.11 | nuwe<br>*(Aanvaar nie nuut nie*) | 1 |
| | | |
| 5.1.12 | Leerders **word deur** onderwysers **gemotiveer** om dit te gebruik. | 1 |
| | | |
| 5.1.13 | op | 1 |
| | | |
| 5.1.14 | h**u**lp | 1 |
| | | **[14]** |

| **TEKS G: PRENT** |
|---|
| [Verwerk uit www.nalibali.org] |

| **VRAAG** | **ANTWOORD** | **PUNT** |
|---|---|---|
| 5.2.1 | klere | 1 |
| | | |
| 5.2.2 | Die gordyne is **nie** toegetrek **nie**. | 1 |
| | | |
| 5.2.3 | venster**tjie** | 1 |
| | | |
| 5.2.4 | ghitaar/kitaar | 1 |
| | | |
| 5.2.5 | kind**er**kamer | 1 |
| | | |
| 5.2.6 | waaier/dakwaaier | 1 |
| | | **[6]** |

| |
|---|
| **TOTAAL AFDELING C: 40** |
| **GROOTTOTAAL: 80** |

Kopiereg voorbehou